

# OMGEWINGSONDAG 7 JUNIE 2015

## WENKE

### 1. VOTUM

“Genade en vrede van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees – Skepper, Herskepper en Onderhouer”

*of*

“Die Here seën ons met wysheid om vir die hele aarde” te sorg.

### 2. LIED

Lied 205 - “Bring lof aan die Vader”

Flam 314 - “Here, Hoe wonderlik”

Lied 198: 1-3

### 3. VOORBIDDING

Vir die natuur: Here, laat ons u hele skepping liefhê, die hele aarde en elke sandkorrel daarop mag ons elke blaar, elke sonstraal van u bemin.

Laat ons die diere liefhê; U het hulle eenvoudige gedagtes en onbekommerde vreugde gegee. Laat ons dit nie versteur, laat ons hulle nie aantast, laat ons hulle nie van hulle vreugde ontnem, laat ons nie werk teen u bedoeling nie.

Omdat ons voor u bely dat alles soos ’n oseaan is, alles vloei en vermeng en om enige mate liefde van enigiets in u heelal te weerhou, is om liefde in dieselfde mate van u te weerhou. Amen. (Fyodor Mikhailovich Dostojewski 1821-1881)

### 4. SKULDBELYDENIS

**Voorganger:** Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan. O God, vermeerder in ons die gevoel van gemeenskap met alle lewende dinge, ons broers die diere aan wie U saam met ons die aarde as huis gegee het. Ons onthou in skaamte dat ons in die verlede die heerskappy van die mens oor die skepping met soveel onverantwoordelike wreedheid uitgeoefen het.

**Gemeente:** Here wees ons genadig.

**Voorganger:** . . . dat die stem van die aarde nie na U opgegaan het met ’n lied nie, maar eerder in ’n kreun van barensood.

**Gemeente:** Here wees ons genadig.

**Voorganger:** Mag ons besef dat ander lewende dinge nie net vir ons leef nie, maar vir hulleself en vir U, en dat die soetheid van lewe in hulle is. (uit Basilius die Grote se skuldbelydenis).

**Gemeente:** Here, wees ons genadig.

**Voorganger:** God is ’n God van liefde én van oordeel. Hy beloof om by ons te wees in ons stryd om getrou te wees.

Aan God al die eer.

**Gemeente:** Amen.

### 5. GELOOFSBELYDENIS

Die Geloofsbelydenis van Nisea koppel die skeppingsdaad nie net aan die werk van die Vader nie, maar ook aan die Seun en die Heilige Gees.

## **6. GEBED OM DIE OPENING VAN DIE WOORD GEES VAN DIE LEWENDE GOD, WEES DIE TUINIER VAN MY SIEL**

Hoe lank wag ek nou al op U – stil – in 'n koue winter van my siel.

Maar nou, in die kragtige naam van Jesus Christus, waag ek om U te smeeek: Hark weg die dooie blare van die verlede. Vergruis die harde kluite van my weerbarstige gewoontes en groewe.

Werk diep in my in die ryk kompos van nuwe visie en vreugde. Plant diep in my siel u lewegewende Woord. Versorg, gee water, koester my hart.

Totdat die nuwe lewe in my ontkiem, groei en blom. (Richard Foster)

## **7. SKRIFLESING EN PREEK**

Rut 1:1-5; 4:13-17

## **8. LIED**

Flam 224

Lied 456: 1,3

Lied 464: 1-4

## **9. WEGSENDING**

Die bergrede sluit af met skeppingstaal:

“Elkeen dan wat hierdie woorde van My hoor en daarvolgens handel, kan vergelyk word met 'n verstandige man wat sy huis op rots gebou het. Die stortreën het geval, vloedwaters het afgekom, winde het teen daardie huis gewaai en daaraan geruk, en tog het dit nie ingestort nie, want die fondament was op rots.” (Matt 7:24-25)